



Geloofsclichés III: 1 Konings 19

“Die Here het vir my gesê”

Vraag vir nadenke:

Wat gebeur met jou as jy hoor iemand sê: “Die Here het vir my gesê”? Wat ervaar jy, hoe laat dit jou voel en wat doen die opmerking aan jou? Dink aan ervarings wat jy in die verband al beleef het? Hoe en waar het jy al beleef dat die Here met jou praat?

Interessante Artikel...

Ek lees van ‘n artikel wat ‘n paar jaar gelede op ‘n Amerikaanse dagblad se voorblad verskyn het met die titel: “Talking to God: An intimate look at the way we pray”. Dit was gebaseer op sosiologiese studies oor die praktyk van gebed in die VSA. In die artikel staan daar: *“This week more of us will pray than will go to work, or exercise or have sexual relationships...78 percent of all Americans pray at least once a week; more than half (57 percent) report praying at least once a day...Even among the 13 percent of Americans who are atheists or agnostics, nearly one in five still prays daily.”*

Die studies wys dan ook daarop dat ‘n groot deel van gebed daaruit bestaan om na God te luister en om God toe te laat om jou lewe te rig. Maar die studies bewys ook dat die wat beleef dat hulle God hoor en dat God hulle help met die rigting van hulle lewens, praat bykans nooit oor hierdie geloofservarings nie, nie eers met hulle beste vriende nie.

Ek hoor uit die artikel dat gebed ‘n algemene godsdienstige praktyk vir gelowiges/en mense wat selfs nie glo nie) is, tog is mense huiwerig om oor hulle gebedservarings te praat. Veral om te praat oor hoe hulle God se stem hoor in hulle lewens. Daarom dat die komediant Lily Tomlin die vraag vra: hoekom wanneer ons met God praat noem ons dit gebed en wanneer God met ons praat dan noem ons dit skisofrenie?

Dit is natuurlik so dat daar ‘n gevaar daarin steek dat mense maklik kan sê: *God het vir my gesê...en hulle dan eintlik net hulle eie gedagtes, denke en begeertes projekteer. En ons is waarskynlik huiwerig omdat ons al soveel negatiewe ervarings beleef het juis van mense wat hierdie sinnetjie so maklik kan misbruik. Dit maak ons daarom self agterdochtig oor mense wat sal sê die Here het vir my gesê...*

Maar ons moet versigtig wees dat ons suspisie nie maak dat ons dink God praat nie meer nie en ons kan God nie hoor nie.

Een van die **hoofkenmerke van ‘n verhouding tussen God en mens is dat dit ‘n gespreksverhouding** is.

God besoek Adam en Eva in die tuin en hulle praat met mekaar.

Ons lees van Henog wat met God gewandel het. God openbaar Homself aan Moses en Abraham, Jakob en Sameul op verskeie maniere binne ‘n gespreksverhouding. Dit is die patroon reg deur die Bybel.

Ons sien dit op ‘n baie besondere manier ook in die ontmoeting van God met Elia in 1 Konings 19. In die NT lees ons op die aand voor Jesus se kruisdood verseker Jesus sy dissipels dat Hy gaan weggaan, maar dat Hy sal voortgaan om Homself aan hulle te openbaar.

Joh 14:22 Judas, nie Judas Iskariot nie vra toe vir Hom: “Here, hoe kom dit dat U u aan ons gaan openbaar...Jesus antwoord hom in vers 23: “As iemand my lief het, sal hy my woorde ter harte neem, en My Vader sal hom lief hê, en ons sal na hom toe kom en by hom woon.

Mens hoor hier die intimiteit van God wat Homself deur die Vader en die Gees kom tuis maak by die mens. In verhouding en in gesprek met die mens kom lewe.

Een van die **hoofkenmerke van 'n verhouding tussen God en mens is dat dit 'n gespreksverhouding** is, van praat en luister en luister en praat.

Op 'n stadium het joernaliste 'n onderhoud gehad met Moeder Theresa en vir haar gevra; Wat doen sy as sy bid. Haar antwoord was: Ek luister meestal. Die joernalis het toe gevra: En wat doen God? Waarop sy geantwoord het: Hy luister meestal.

Om te kan luister is duidelik 'n baie belangrike aspek van ons verhouding met God, van die kommunikasie proses tussen God en mens, en tog is dit nie so eenvoudig nie. Om te luister is een ding, maar om te onderskei dat dit God is en wat God sê, dit weet ons is nie altyd so eenvoudig nie.

Hoe help 1 Konings 19 ons om God se stem in ons lewens te kan onderskei?

- God praat in tye van verwondering en voorspoed (1 Konings 18 - oorwinning), maar God praat ook in tye van verwondheid en broosheid (1 Konings 19 – angstigheid, uitbranding en vrees).
- God praat in wonderwerke en soms die buitengewone, maar God praat ook in die fluistering van die windstilte en in die gewone van water en roosterkoeke.

Vrae wat ek oor kan nadink:

- Leef ek met die verwagting dat God met my wil kommunikeer?
- Hoe luister ek?
- Saam met wie luister ek en help my onderskei?
- Wat beïnvloed my vermoë om te luister en God se stem te onderskei?

Geloofsbelydenis- Marina Wiederkehr se gedig "Harvest of God" (Tree full of Angels, Harper Collins, 1988)

Dit was net 'n ligte wind

Baie rustig, nes 'n briesie

Dit het 'n haar oor my voorkop gewaai

En ek het gewee dit was God.

Ek is wakker gemaak deur 'n klein straaltjie lig
Dit het deur die gordyn geglip, op my gesig
Dit het my laat ontstaan, met gordyne oopgetrek
Het die oggend saggies in my kamer ingehuppel
Ek het gewee dit was God.

Midde-in my eensaamheid het die foon gelui
'n Stem wat ek goed ken, sê:
"Hallo, ek's lief vir jou."
Liefde het deur my siel gevloei
Ek het gewee dit was God.

Reën het saggies op die dorstige grond geval
Op 'n aarde wat bedelend daarvoor wag
Deur die heilige druppels het ek geloop,
Vreesloos sonder 'n sambree
Ek het gewee dit was God.

Dit was net 'n bietjie bitterheid het ek gedink
Maar dit wou nie my hart verlaat nie
Dit het om my siel vir lank gehang
totdat 'n storm my diepste wese geruk
en al my bitterheid weggewaai het
Ek het gewee dit was God.

Dit was net 'n akkerboom
Oortrek met rooi herfsblare
Maar in die oggendlig
Was dit gevul met hemel
Ek het oopmond verwonderd gestaan
Ek het gewee dit was God.

Ek het my Bybel oopgemaak
In stilte bekende woorde gelees
In die bladsye hoor ek 'n geluid, 'n fluistering
Ek het gewee dit was God.

O Here God, het ek uitgeroep
Ek het U lief
U wil nie vir my wegkruip nie
Tussen die krake van elke dag
Vind ek U wagtend, om deur my aanbid en
bewonder te word
U glip in my lewe soos nag en dag, soos sterre en
sonskyn
Ek weet dat U God is!